BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA
THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.] [Registered at the Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLXV.] PRYS 6d. PRETORIA, 27 JULIE / 27 JULY 1951. PRICE 6d. [No. 4669

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 1964.] [27 Julie 1951.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

LEERNYWERHEID IN SUID-AFRIKA.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) gelees tesame met subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheidversoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn en betrekking het op die Skoeiselafdeling van die Leernywerheid (hierna genoem die Nuwe Ooreenkoms) en wat die ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 677 van 24 Maart 1950, vervang, vanaf die eerste Maandag na datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Maart 1952, bindend is op die werkgewersorganisasies en vakverenigings wat genoemde Nuwe Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie verenigings is;

(*b*) kragtens subartikel (2) gelees tesame met subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1, 2 (*b*), 4 tot en met 14, 16 tot en met 18, 21 en 22 van deel I en in deel II van genoemde Nuwe Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Maart 1952, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in die genoemde afdeling van genoemde nywerheid in die Unie van Suid-Afrika; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1, 2 (*b*), 4 tot en met 14, 16 tot en met 18, 21 en 22 van deel I, en in deel II van genoemde Nuwe Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Maart 1952, in die Unie van Suid-Afrika *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde afdeling van genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 1964.] [27 July 1951.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) read with sub-section (3) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto, and which relates to the Footwear Section of the Leather Industry (hereinafter referred to as the New Agreement) and which replaces the agreement published under Government Notice No. 677 of the 24th March, 1950, shall be binding from the first Monday after date of publication of this notice and for the period ending the 31st day of March, 1952, upon the employers' organisations and trade unions which entered into the said new Agreement and upon the employers and employees who are members of those organisations or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) read with sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1, 2 (*b*), 4 to 14 (inclusive), 16 to 18 (inclusive), 21 and 22 of Part I and in Part II of the said New Agreement shall be binding from the first Monday after date of publication of this notice and for the period ending the 31st day of March, 1952, upon the other employers and employees engaged or employed in the said section of the said Industry in the Union of South Africa; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Union of South Africa and from the first Monday after date of publication of this notice and for the period ending the 31st day of March, 1952, the provisions contained in clauses 1, 2 (*b*), 4 to 14 (inclusive), 16 to 18 (inclusive), 21 and 22 of Part I and in Part II of the said New Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said section of the said Industry as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

BYLAE.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE LEERNYWERHEID, SUID-AFRIKA.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit tussen—

(*a*) „The Midland and Border Leather Industry Manufacturers' Association";

(*b*) „The Cape Western and North-Western Leather Industries Employers' Association";

(*c*) „The Transvaal Footwear, Tanning and Leather Trades' Association";

(*d*) „The Natal Footwear, Tanning and General Leather Manufacturers' Association";

(*e*) „The South-Western Districts Leather Industries Association";

(hierna „die werkgewers" of „die werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en—

(*f*) „The National Union of Leather Workers"; en

(*g*) „The Transvaal Leather and Allied Trades Industrial Union";

(hierna „die werknemers" of „die vakverenigings" genoem), aan die ander kant;

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Leernywerheid van Suid-Afrika.

DEEL I.

ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE SKOEISELAFDELING VAN DIE NYWERHEID.

1. Woordbepalings.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en waarvan die betekenis in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bepaal is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet; by verwysings na 'n Wet is ook alle wysigings van sodanige Wet inbegrepe en behalwe waar dit blykbaar anders bedoel word, sluit woorde, wat die manlike geslag aandui, ook vrouens in; verder, tensy dit in stryd is met die samehang, beteken—

„Wet", die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„volwassene", 'n werknemer, behalwe 'n vakleerling, wat 21 jaar oud of ouer is;

„vakleerling", 'n werknemer wat gebind is deur 'n skriftelike vakleerlingskapkontrak geregistreer, of wat beskou word as geregistreer te wees, onder die Wet op Vakleerlinge, 1944;

„Raad", die Nasionale Nywerheidsraad vir die Leernywerheid van Suid-Afrika, wat ingevolge artikel *twee* van Wet No. 11 van 1924, soos gewysig, geregistreer is, en beskou word as geregistreer te wees ingevolge die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„Distrik A"—

(*a*) die magistraatsdistrikte Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Pretoria;

(*b*) die magistraatsdistrikte Port Elizabeth, Uitenhage en Oos-Londen;

(*c*) die magistraatsdistrikte Die Kaap, Wynberg, Bellville en Simonstad;

(*d*) die magistraatsdistrikte Durban en Pietermaritzburg;

„Distrik B", die Unie van Suid-Afrika met uitsondering van die gebiede ingesluit in distrik A;

„Distrikskomitee", 'n komitee saamgestel ooreenkomstig die konstitusie van die Raad, vir die toepassing van die Ooreenkoms in 'n bepaalde gebied;

„inrigting", elke plek waarin werksaamhede in verband met die nywerheid uitgevoer word;

„Uitvoerende Komitee", die Uitvoerende Komitee van die Raad kragtens sy konstitusie aangestel;

„ervaring"—

(*a*) die totale dienstydperk of tydperke, hetsy voor of na die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, wat 'n werknemer in die afdeling waar hy in diens was gehad het, afgesien van die werksaamhede in daardie afdeling waarvoor hy in diens was; diens in enige klas in enige afdeling in die leerskoeiselafdeling van die skoeiselafdeling tel as diens in enige ooreenstemmende klas in enige ander afdeling van die leerskoeiselafdeling; met dien verstande dat wanneer 'n werknemer uit een afdeling na 'n verskillende klas in 'n ander afdeling van die leerskoeiselafdeling oorgeplaas word, die Distrikskomitee die loon in ooreenstemming met die dienstydperk of -tydperke van die betrokke werknemer in die leerskoeiselafdeling van die nywerheid moet bepaal.

(*b*) dat die jaarlikse vakansie waarvoor in artikel 9 van hierdie deel voorsiening gemaak word, en die gewone tydperk van verlof vir verpligte verdedigingsmagopleiding ingesluit is, maar nie 'n tydperk of tydperke van meer as drie agtereenvolgende weke wanneer 'n werknemer sonder toedoen van die werkgewer, van die werk afwesig was nie;

SCHEDULE.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between—

(*a*) The Midland and Border Leather Industry Manufacturers' Association;

(*b*) The Cape Western and North-Western Leather Industries Employers' Association;

(*c*) The Transvaal Footwear, Tanning and Leather Trades' Association;

(*d*) The Natal Footwear, Tanning and General Leather Manufacturers' Association;

(*e*) The South-Western Districts Leather Industries' Association;

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organizations"), of the one part, and

(*f*) The National Union of Leather Workers; and

(*g*) The Transvaal Leather and Allied Trades Industrial Union;

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade unions"), of the other part;

being parties to the National Industrial Council of the Leather Industry of South Africa.

PART I.

GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO THE FOOTWEAR SECTION OF THE LEATHER INDUSTRY.

1. Definitions.

All expressions used in the Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act; any reference to an Act shall include any amendments of such Act, and, unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1937;

"adult" means any employee, other than an apprentice, of the age of 21 years or over;

"apprentice" means an employee who is bound by a written contract of apprenticeship registered, or deemed to have been registered, under the Apprenticeship Act, 1944;

"Council" means National Industrial Council of the Leather Industry of South Africa, registered in terms of section *two* of the Act, No. 11 of 1924, as amended, and deemed to have been registered under the Industrial Conciliation Act, 1937;

"District A" means—

(*a*) the Magisterial Districts of Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs and Pretoria;

(*b*) the Magisterial Districts of Port Elizabeth, Uitenhage and East London;

(*c*) the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Bellville and Simonstown;

(*d*) the Magisterial Districts of Durban and Pietermaritzburg;

"District B" means the Union of South Africa, exclusive of the areas included in District A;

"District Committee" means a committee established in accordance with the constitution of the Council for the administration of Agreement in a particular area;

"establishment" means any place in which any operations in connection with the Industry are carried on;

"Executive" means the Executive Committee of the Council appointed in terms of its constitution;

"experience"—

(*a*) means the total period or periods of employment whether prior or subsequent to the date on which this Agreement comes into force which an employee has had in the department in which he has been employed, irrespective of the operations in that department on which he has been employed; employment in any class in any department in the Leather Footwear Division of the Footwear Section shall count as employment in any corresponding class in any other department of the Leather Footwear Division: Provided that where an employee is transferred from one department to a different class in another department of the Leather Footwear Division the District Committee shall specify the wage in accordance with the period or periods of employment the employee concerned has had in the Leather Footwear Division of the Industry;

(*b*) includes the annual holiday provided for in section 9 of this part and the normal period of compulsory defence force training leave, but excluding any period or periods in excess of three consecutive weeks during which an employee has been absent from work through no fault of the employer;

„skoeiselafdeling" van die leernywerheid, die afdeling van die nywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is—

(1) vir die vervaardiging, hoofsaaklik uit leer, van skoeisel met inbegrip van alle soorte, behalwe op-maat-gemaakte skoeisel;

(2) vir die vervaardiging van alle soorte skoeisel uit ander materiaal as leer;

„algemene arbeider", 'n werknemer wat uitsluitlik, of hoofsaaklik, een of meer van onderstaande werksaamhede verrig:—

(1) Persele, masjinerie, installasie, gereedskap, gerei, diere, meubels of ander artikels skoonmaak;

(2) houers was of skoonmaak;

(3) grondstowwe, vervaardigde of half-vervaardigde produkte, masjinerie, installasie, gereedskap, gerei of ander artikels dra, verplaas en/of stapel;

(4) voertuie of houers laai of aflaai;

(5) vuurmaak en/of vure aan die brand hou;

(6) vuilgoed of as verwyder;

(7) kiste, pakke, bale of krate oop- of toemaak;

(8) kiste, pakke of bale stempel, merk of sjabloneer;

(9) tee, koffie, kakao en dergelike dranke maak;

(10) op bestelwaens of voertuie help;

(11) briewe, boodskappe of goedere te voet of met 'n fiets of enige handvoertuig aflewer;

„half-dag", die gewone voormiddag-werktydperk van die betrokke inrigting;

„uurloon", die weekloon gedeel deur 42, behalwe in die geval van nagwagte waar dit die weekloon gedeel deur 72 beteken, en behalwe in die geval van werknemers op ander nagwerk, waar dit die weekloon gedeel deur 38 beteken;

„nywerheid of leernywerheid", die skoeiselafdeling van die leernywerheid;

„leerling"—

(1) 'n manlike werknemer (behalwe 'n vakleerling) onder 21 jaar oud wat in diens is om een, of meer, werksaamhede in die nywerheid te leer;

(2) 'n vroulike werknemer (behalwe 'n vakleerling) wat in diens is om een, of meer werksaamhede in die nywerte leer;

„stukwerk" elke stelsel waarby die verdienste op die hoeveelheid of omvang van werk gedoen, gebaseer word;

„werknemer gekwalifiseer"—

(1) 'n manlike werknemer (behalwe 'n vakleerling, of ongekwalifiseerde manlike volwassene soos voorgeskryf in artikel 5 van Deel II van hierdie Ooreenkoms) wat òf—

(*a*) 21 jaar oud is; òf

(*b*) deur ervaring geregtig is om die volle loon te ontvang wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word vir die werksaamheid waarvoor hy in diens is;

(2) 'n vroulike werknemer wat deur ervaring geregtig is om die volle loon te ontvang wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word vir die werksaamheid waarvoor sy in diens is;

„Sekretaris van die Raad", die Hoofsekretaris van die Raad en sluit elke Assistent-sekretaris van die Raad in;

„loon", 'n weekloon.

2. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms—

(*a*) moet nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasies en van die vakverenigings wat in die nywerheid werksaam is (behalwe persone wat uitsluitlik herstelwerk doen); en

(*b*) is van toepassing op vakleerlinge, vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of 'n kontrak ingevolge daarvan geregistreer, of wat beskou word as daaronder geregistreer te wees, op voorwaardes daaronder vasgestel instryd is nie, in die Unie van Suid-Afrika.

3. DATUM EN TERMYN VAN TOEPASSING.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat die Minister, ingevolge artikel *agt-en-veertig* van die Wet, vasstel en bly van krag vir 'n tydperk wat nie later as 31 Maart 1952 eindig nie of vir 'n tydperk wat hy mag bepaal.

4. LONE EN LOONSKALE.

(1) (*a*) Behoudens soos bepaal in artikels 7 en 17 van hierdie deel, mag geen laer lone as dié in Aanhangsel B van Deel I, en Aanhangsel A van Deel II van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf vir enige werksaamheid deur sodanige werknemer verrig, deur 'n werkgewer betaal of deur 'n werknemer aangeneem word nie, en voorts moet elke werkgewer getalsverhoudings of ander voorwaardes in genoemde Aanhangsels voorgeskryf, nakom.

(*b*) Behalwe waar anders bepaal word, moet die lone wat voorgeskryf word deur die hele Unie van Suid-Afrika betaal word.

(*c*) Behalwe in die geval van nagwagte, is die lone soos voorgeskryf in die Aanhangsels van Dele I en II van hierdie Ooreenkoms, gelees tesame met paragraaf (*a*) hiervan, betaalbaar vir 'n werkweek van 42 uur, en in die geval van nagwagte, is die

"Footwear Section" of the Leather Industry means the section of the Industry in which employers and employees are associated—

(1) for the manufacture mainly from leather of footwear, including all types, but not including bespoke made footwear;

(2) for the manufacture of all types of footwear from materials other than leather;

"general labourer" means an employee employed wholly or mainly in one or more of the following operations:—

(1) Cleaning premises, machinery, plant, tools, utensils, animals, furniture or other articles;

(2) washing or cleaning containers;

(3) carrying, moving and/or stacking raw materials, manufactured or semi-manufactured products, machinery, plant, tools, utensils or other articles;

(4) loading or unloading vehicles or receptacles;

(5) making and/or maintaining fires;

(6) removing refuse or ashes;

(7) opening or closing boxes, packages, bales or crates;

(8) branding, marking, stencilling boxes, packages or bales;

(9) making tea, coffee, cocoa or similar beverages;

(10) assisting on delivery vans or vehicles;

(11) delivering letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle or any manually propelled vehicle;

"half day" means the usual morning period of work of the establishment concerned;

"hourly wage" means the weekly wage divided by 42 except in the case of night watchmen, when it shall mean the weekly wage divided by 72, and except in the case of employees on other night work, when it shall mean the weekly wage divided by 38;

"Industry or Leather Industry" means the Footwear Section of the Leather Industry;

"learner" means—

(1) a male employee (other than an apprentice) under the age of 21 years who is engaged in learning one or more operations in the Industry;

(2) a female employee (other than an apprentice) engaged in learning one or more operations in the Industry;

"piece-work" means any system by which earnings are based on the quantity or output of work done;

"qualified employee" means—

(1) a male employee (other than an apprentice or unqualified male adult as prescribed in section 5 of Part II of this Agreement) who has either—

(*a*) reached the age of 21 years; or

(*b*) become entitled by experience to receive the full wage prescribed in this Agreement for the operation upon which he is employed;

(2) a female employee who has become entitled by experience to receive the full wage specified in this Agreement for the operations upon which she is employed;

"Secretary of the Council" means the General Secretary of the Council and includes any assistant secretary of the Council;

"wage" means a weekly wage.

2. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall—

(*a*) be observed by all members of the employers' organizations and of the trade unions engaged in the Industry (other than persons engaged exclusively on repair work); and

(*b*) apply to apprentices in so far as they are not inconsistent with the Apprenticeship Act, 1944, or any contract registered or deemed to have been registered or any conditions fixed thereunder in the Union of South Africa.

3. DATE AND PERIOD OF OPERATION.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section *forty-eight* of the Act and shall remain in force for a period expiring not later than 31st March, 1952, or such period as may be determined by him.

4. WAGES AND RATES.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sections 7 and 17 of this part, no employer shall pay and no employee shall accept wages less than those prescribed in Annexure B to Part I and Annexure A to Part II of this Agreement in respect of any operation performed by such employee and each employer shall further comply with any ratio or other conditions prescribed in the said Annexures.

(*b*) Unless otherwise stated the prescribed wages shall be payable throughout the Union of South Africa.

(*c*) Except in the case of night watchmen, the wages laid down in the Annexures to Parts I and II of this Agreement, read with paragraph (*a*) hereof, shall be payable for a working week of 42 hours, and in the case of night watchmen the wages shall be

lone betaalbaar vir 'n werkweek van 72 uur, met dien verstande dat in die geval van nagwerk, behalwe nagwagwerk, die lone vir 'n werkweek van 38 uur betaalbaar is. Die werkweek mag nie voor Woensdag in 'n kalenderweek eindig nie. Alle lone is onderworpe aan die oortydvoorwaardes waarvoor in artikel 8 van hierdie deel voorsiening gemaak word.

(*d*) As minder ure gewerk word as dié soos voorgeskryf in paragraaf (*c*) hiervan, kan sodanige lone na verhouding verminder word, behalwe in die geval van vakleerlinge, nagwagte en motorvoertuigbestuurders.

(2) Alle verdienste en die ekstra bedrag waarna in artikel 6 van hierdie deel verwys word, moet weekliks, uiterlik op Vrydag, en gedurende die gewone werkure van die inrigting of by diensbeëindiging, indien dit voor die gewone betaaldag van die inrigting val, in kontant betaal word. Die verdienste moet in 'n geslote koevert bevat wees, en die werknemer se naam, of nommer, en loonskaal, die datum van betaling, die ure gewerk, besonderhede van kortings afgetrek en die nettobedrag van verdienste daarin bevat, moet met ink of met inkpotlood, daarop aangeteken word en wel as volg:—

	£	s.	d.
Werknemer.....			
Loonskaal.....			
Ure gewerk.....			
Verskuldigde lone.....			
Kortings:—			
Werkloosheidbystandfonds..... £——:——:——			
Siektebystandsfonds..... £——:——:——			
Voorsieningsfonds..... £——:——:——			
Versekerings- of Pensioenfondse. £——:——:——			
Bydraes aan vakverenigings..... £——:——:——			
Raadsfondsheffings..... £——:——:——			
* TOTALE KORTINGS.....			
Netto verdienste.....			
Werkgewer			
Datum			

* Slegs totale kortings moet aangedui word, behalwe in die geval van enige wysiging wat in die verdienste van 'n werknemer aangebring word, wanneer alle besonderhede van kortings vir daardie week, soos hierbo uiteengesit, aangetoon moet word.

(3) Geen kortings hoegenaamd, behalwe onderstaande, mag van die geld wat aan 'n werknemer verskuldig is, afgetrek word nie:—

(*a*) Ingeval 'n werknemer van die werk wegbly: 'n *pro rata* bedrag vir die tydperk van sodanige afwesigheid;

(*b*) met skriftelike toestemming van die werknemer: kortings vir verlof-, werkloosheid-, siekte-, versekerings- of pensioen-fondse, of bydraes aan die fondse van die vakvereniging, en/of spaarfondse wat deur die Raad goedgekeur is; en enige bedrag deur 'n werknemer verskuldig ten opsigte van maaltye, tee en/of ander ververs ings deur 'n werkgewer verskaf teen 'n koste waartoe deur die werknemer ingestem is;

(*c*) heffings ingevolge artikel 11 van hierdie deel van die Ooreenkoms;

(*d*) elke bedrag wat 'n werkgewer verplig is om ingevolge 'n wet, ordonnansie, of regsgeding, ten behoewe van 'n werknemer te betaal.

(4) Vir die opleiding van 'n werknemer mag deur 'n werkgewer geen premie gevorder, of aangeneem, word nie.

(5) Indien in 'n inrigting die werk deur werknemers, georganiseer in spanne of ploeë, verrig word, moet die werkgewer aan elke sodanige werknemer sy verdienste uitbetaal.

(6) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om 'n tydloon wat tans betaal word en vir 'n werknemer gunstiger is as dié wat in hierdie Ooreenkoms vir sodanige werknemer voorgeskryf word, te verminder nie vir solank as wat hy by dieselfde werkgewer in diens bly.

5. GETALLEVERHOUDINGSOPGAWES.

Die bepalings van artikel 7 van Deel II van hierdie Ooreenkoms, moet deur werkgewers wat die nywerheid uitoefen, nagekom word.

6. BETALING VAN LEWENSKOSTETOELAE.

(1) Bo en behalwe die werklike verdienste van 'n werknemer in 'n week, moet sy werkgewer hom elke week 'n bedrag betaal wat gelyk is aan 1¼ persent van sodanige verdienste ten opsigte van elke volle 12·5 punte waarmee die kleinhandelsprysindeks 1,000 oorskry.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel, beteken „kleinhandelprysindek" die beswaarde gemiddelde indeks vir voedsel, brandstof, lig, huishuur en diverse vir die nege vernaamste stede in die Unie van Suid-Afrika, soos bereken deur die Direkteur van Sensus en Statistiek en van tyd tot tyd bekendgemaak.

(3) Elke aanpassing van die ekstra bedrag genoem in subartikel (1) hiervan, moet ingevolge hierdie artikel aangebring word op en met ingang van die eerste betaaldag nadat die Sekretaris van die Raad kennisgewing ontvang het van die verandering in die kleinhandelprysindeks wat van toepassing is, of na gelang van die vroeër betaaldag, die eerste betaaldag wat volg op die publikasie van die *Maandbulletin van Uniestatistiek* wat sodanige verandering vermeld; met dien verstande dat sodanige kennisgewing ontvang word, of sodanige bekendmaking geskied, uiterlik op Woensdag van die werkweek waarop die betaaldag betrekking

payable for a working week of 72 hours; provided that in the case of night work other than night watchmen, the wages shall be payable for a working week of 38 hours. The working week shall end not earlier than on Wednesday in a calendar week. All wages shall be subject to the conditions governing overtime provided for in section 8 of this part.

(*d*) If less hours than those prescribed in paragraph (*c*) hereof are worked, such wages may be reduced proportionately except in the case of apprentices, night watchmen and motor vehicle drivers.

(2) All earnings and the additional amount referred to in section 6 of this part shall be paid in cash weekly not later than on Friday and during the ordinary working hours of the establishment, or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay day of the establishment. The earnings shall be placed in a sealed envelope, on the outside of which the name or number and rate of wages of the employee, the date of payment, the hours worked, details of deductions made and the net amount of earnings contained therein shall be written in indelible pencil or ink in the following manner:—

	£	s.	d.
Employee.....			
Wage rate.....			
Hours worked.....			
Wages due.....			
Deductions:—			
Unemployment Fund..... £——:——:——			
Sick Benefit Fund..... £——:——:——			
Provident Fund..... £——:——:——			
Insurance or Pension..... £——:——:——			
Trade Union Subscriptions. £——:——:——			
Council Levies..... £——:——:——			
* TOTAL DEDUCTIONS.....			
Net Earnings.....			
Employer			
Date			

* Total deductions only need be shown except in the event of any changes being made in the net earnings of an employee when the deductions for that week shall be set out in detail as indicated.

(3) No deduction of any kind, other than the following may be made from the money due to any employee:—

(*a*) Where an employee is absent from work, a pro rata amount for the period of such absence;

(*b*) with the written consent of the employee, deductions for holiday, unemployment, sick, insurance or pension funds, or contributions to the funds of the trade union, and for savings funds approved by the Council; and any amount due by an employee in respect of meals, tea and/or other refreshment supplied by an employer at a charge agreed to by the employee;

(*c*) levies in terms of section 11 of this part of the Agreement;

(*d*) any amount paid by an employer compelled by any law, ordinance or legal process to make payment on behalf of an employee.

(4) No premium for the training of any employee shall be charged or accepted by an employer.

(5) Where in any establishment work is performed by employees organized in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

(6) Nothing in this Agreement shall operate to reduce any time wage at present being paid which is more favourable to an employee than that laid down in this Agreement for such employee while he remains in the service of the same employer.

5. RATIO RETURNS.

The conditions laid down in section 7 of Part II of this Agreement shall be observed by employers engaged in the Industry.

6. COST OF LIVING ALLOWANCE.

(1) In addition to the actual earnings of a employee in any week, he shall be paid each week by his employer an amount equal to 1¼ per cent. of such earnings in respect of every completed 12·5 points by which the retail price index exceeds 1,000.

(2) For the purpose of this section "retail price index" means the weighted average index relating to food, fuel, light, rent and sundries for the nine principal areas in the Union of South Africa as assessed by the Director of Census and Statistics and published from time to time.

(3) Each adjustment to the additional amount referred to in sub-section (1) hereof in terms of this section shall be made on and from the first pay day following the receipt by the Secretary of the Council of notification of the appropriate change in the retail price index or the first pay day following publication of the *Monthly Bulletin of Union Statistics* showing such change whichever pay day is the earlier, provided such notification is received, or such publication is made not later than Wednesday in the working week to which that pay day relates. Should such

het. As sodanige kennisgewing ontvang word, of sodanige bekendmaking geskied, na Woensdag, dan moet die aanpassing op die betaaldag van die volgende week aangebring word.

(4) By die lewenskostetoelae wat ingevolge hierdie artikel betaalbaar is, moet elke lewenskostetoelae wat betaalbaar is ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, gepubliseer by Proklamasie No. 110 van 22 Mei 1942, soos gewysig, of soos dit van tyd tot tyd gewysig word, inbegrepe wees met dien verstande dat in gevalle waar die betaling ingevolge hierdie artikel minder as die Oorlogsmaatreëltoelae is, laasgenoemde betaalbaar is.

7. WERKURE.

(1) Behoudens soos anders bepaal in hierdie Oorenkoms, kan geen werkgewer van 'n werknemer, behalwe een wat uitsluitlik as nagwag werksaam is, vereis of hom toestaan—

(*a*) om vir meer as 42 uur, met uitsluiting van etenstye, in 'n week te werk nie; of

(*b*) om vir meer as 8 uur, met uitsluiting van etenstye, op 'n dag te werk nie: met dien verstande dat in 'n inrigting waarin—

(i) op een dag in elke week die gewone werkure nie meer as vyf uur is nie, van 'n werknemer vereis, of hom toegestaan kan word om 'n ekstra tydperk van hoogstens 'n halfuur op elk van die ander dae van die week te werk; of

(ii) die werknemers nie gewoonlik op meer as vyf dae in die week werk nie van 'n werknemer op 'n werkdag vereis of hom toegestaan kan word om 'n ekstra tydperk van hoogstens een-en-'n-kwart uur te werk; of

(*c*) om sonder 'n ononderbroke tussenpoos van minstens een uur vir 'n onafgebroke tydperk van meer as vyf uur te werk nie; met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie paragraaf werktydperke wat onderbreek word deur 'n tussenpoos van minder as een uur as onafgebroke beskou moet word; of

(*d*) as sy 'n vrou is—

(i) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm.; of

(ii) op meer as vyf dae in enige week na 1-uur nm. te werk nie.

(2) Vir die toepassing van paragraaf (*a*) van subartikel (1) word dit beskou dat 'n werknemer wat nie op 'n vakansiedag genoem in subartikel (6) van artikel 9 van hierdie deel, werk nie, of wat op sodanige vakansiedag minder werk as sy gemiddelde gewone werkure vir daardie dag van die week waarop sodanige vakansiedag val, sy gemiddelde gewone werkure op daardie dag gewerk het.

(3) Die gewone werkure van 'n nagwag mag nie meer as 72 uur per week wees nie en sodanige nagwag moet in elke sewe opeenvolgende nagte een nag vryaf toegestaan word.

(4) As op 'n dag nie van werknemers vereis word om by 'n inrigting te kom werk nie, moet hulle voor sodanige dag in kennis gestel word dat hulle dienste nie nodig sal wees nie. Die kennisgewing moet aan werknemers persoonlik gerig word, of anders moet dit in die afdeling of afdelings waarin hulle voor so'n dag werksaam is, aangeplak word.

As hulle nie aldus in kennis gestel word nie, dan is werknemers, wat op die gewone begintyd by die inrigting opdaag, geregtig om vir minstens 'n halwe dag te werk gestel te word, of om in plaas daarvan 'n halwe dag se loon te ontvang.

Werknemers wat in die namiddag by die inrigting opdaag, is geregtig om vir twee uur te werk, of, om in plaas daarvan twee uur se loon te ontvang, tensy die werkgewer in die voormiddag kennis gegee het dat hy nie van plan is om te laat werk nie.

Ingeval enige werknemer met werk ophou weens 'n breekstop, is hy geregtig tot betaling vir die eerste uur, of gedeelte van 'n uur, van die tyd wat hy nie werk nie.

(5) Indien in 'n inrigting korttyd gewerk word, moet dit soveel as moontlik eweredig tussen alle werknemers, behalwe vakleerlinge, in die betrokke afdeling verdeel word.

(6) Onderstande rustydperke moet aan elke werknemer toegestaan en as tyd gewerk beskou word:—

(*a*) Elke dag 'n tydperk van minstens tien minute in die voormiddag tussen die ure 10 vm. en 11 vm., met dien verstande dat een uur gewerk is;

(*b*) van Maandag tot Vrydag 'n tydperk van minstens tien minute elke namiddag tussen die ure 3.30 nm. en 4.30 nm., met dien verstande dat een uur gewerk is;

Gedurende die ruspose soos in (*a*) en (*b*) van hierdie subartikel bepaal, moet alle masjinerie in die inrigting stopgesit word en kan van geen werknemer vereis word om werk te verrig nie.

(7) Indien werknemers by beëindiging van werktye moet „uitklok", moet die werkgewer reëlings tref om werknemers in staat te stel om die fabriek te verlaat op die regte tyd waarop die werk gestaak moet word.

8. OORTYD.

(1) Ondanks die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel 7 van hierdie Deel en behalwe soos bepaal in hierdie artikel, kan 'n werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toestaan om vir 'n totale tydperk van hoogstens onderstaande in 'n week oortyd te werk:—

(*a*) Tien uur; of

notification be received or such publication be made later than Wednesday the adjustment shall be made on the pay day of the following week.

(4) The cost of living allowance payable in terms of this section shall include any cost of living allowance payable in terms of War Measure No. 43 of 1942, published under Proclamation No. 110 of the 22nd May, 1942, as amended or as may be amended from time to time, provided that in cases where the payment in terms of this section is less than the War Measure allowance the latter shall be payable.

7. HOURS OF WORK.

(1) Save as is otherwise provided in this Agreement, no employer shall require or permit an employee other than one exclusively employed as a night watchman—

(*a*) to work for more than 42 hours, excluding meal times, in any one week; or

(*b*) to work for more than 8 hours, excluding meal times on any one day: Provided that in any establishment in which—

(i) on one day in every week the ordinary hours of work are not more than five, an employee may be required or permitted to work for an additional period not exceeding half-an-hour on each of the remaining days of the week; or

(ii) the employees do not ordinarily work on more than five days in the week, an employee may on any work day be required or permitted to work for an additional period not exceeding one and a quarter hours; or

(*c*) to work for a continuous period of more than five hours without an uninterrupted interval of at least one hour: Provided that for the purposes of this paragraph periods of work interrupted by an interval of less than one hour shall be deemed to be continuous; or

(*d*) who is a female, to work—

(i) between six o'clock p.m. and six o'clock a.m.; or

(ii) after one o'clock p.m. on more than five days in any week.

(2) For the purposes of paragraph (*a*) of sub-section (1) an employee who does not work on any holiday referred to in subsection (6) of section 9 of this part or who on such holiday works less than his average ordinary working hours for that day of the week on which such holiday falls, shall be deemed to have worked his average ordinary working hours on that day.

(3) The ordinary hours of work of a night watchman shall not exceed 72 hours per week and such night watchman shall be allowed one night off duty in seven consecutive nights.

(4) If employees are not required to attend at an establishment on any day they shall be informed individually or by notice posted in the department or departments in which they are employed prior to such day, that their services will not be required.

If not so informed, employees attending at the establishment at the ordinary starting time shall be entitled to be employed for at least one-half day or to receive a half day's pay in lieu thereof.

Employees attending at the establishment in the afternoon, shall be entitled to work two hours or to receive two hours' pay in lieu thereof, unless notice of intention not to work shall have been given by the employer during the morning.

In the case of an employee ceasing work due to a breakdown he shall be entitled to payment for the first hour or part thereof during which he is not working.

(5) Where short time is being worked in any establishment, it shall be evenly distributed wherever possible amongst all workers except apprentices in the department concerned.

(6) The following rest periods shall be allowed to each employee and shall be reckoned as time worked:—

(*a*) On each day a period of not less than ten minutes in the morning between the hours of 10 a.m. and 11 a.m., provided that one hour has been worked;

(*b*) from Mondays to Fridays a period of not less than ten minutes each afternoon between the hours of 3.30 p.m. and 4.30 p.m., provided that one hour has been worked.

During the rest periods provided for in (*a*) and (*b*) of this subsection the operation of all machinery in the establishment shall cease, and no employee shall be required to work.

(7) Where employees are called upon to "clock out" at the end of working periods, the employer shall provide facilities to enable employees to leave the works at the correct time at which work is to cease.

8. OVERTIME.

(1) Notwithstanding the provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section 7 of this part and save as is provided in this section, an employer may require or permit an employee to work overtime for a total period not exceeding in any one week—

(*a*) ten hours; or

(*b*) 'n aantal ure (wat meer as tien kan wees) wat deur die Raad vasgestel en waarvan skriftelike kennisgewing aan die werkgewer gegee moet word, waarin die werknemer, of die klas werknemer, ten opsigte van wie die kennisgewing van toepassing is, vasgestel word asook die termyn waarvoor en die voorwaardes waarop dit geldig is;

met dien verstande dat geen werkgewer van 'n vroulike werknemer kan vereis of haar kan toestaan om onderstaande oortyd te werk nie—

(*a*) vir meer as twee uur op 'n dag;

(*b*) op meer as drie agtereenvolgende dae;

(*c*) op meer as sestig dae in 'n jaar;

(*d*) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag, tensy hy—

(i) sodanige werknemer daarvan voor twaalf-uur middag in kennis gestel het; of

(ii) aan sodanige werknemer 'n voldoende maaltyd verskaf het voordat sy met oortyd moet begin; of

(iii) sodanige werknemer betyds 'n voorgeskrewe toelae betaal het om die werknemer in staat te stel om 'n maaltyd te nuttig voordat die oortyd moet begin.

(2) Van geen werknemer kan vereis word om oortyd te werk nie, tensy die werkgewer op die dag voordat oortyd gewerk word sodanige werknemer daarvan in kennis gestel het.

(3) Behalwe in die geval van 'n nagwag, moet 'n werknemer, indien hy voor die gewone begintyd, of na die gewone stakingstyd, van die inrigting werk, vir elke uur, of gedeelte van 'n uur aldus gewerk, onderworpe aan die bepalings van subartikel (4) hiervan—

(*a*) op enige dag van Maandag tot en met Vrydag teen sy uurloon plus drie-en-dertig en een-derde persent;

(*b*) op Saterdagnamiddag teen sy uurloon plus vyftig persent; betaal word.

(4) As dit in 'n inrigting gebruiklik is om die gewone werkweek van 42 uur tussen Maandag en Vrydag te voltooi, moet elke werknemer, behalwe 'n nagwag, van wie vereis word om op 'n Saterdagmôre te werk, vir elke uur, of gedeelte van 'n uur, aldus gewerk, een-en-een-derdemaal sy uurloon betaal word, afgesien van die aantal ure wat werklik tussen Maandag en Vrydag gewerk is.

(5) As 'n werknemer op Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) Die werknemer minstens dubbel die besoldiging betaal wat ten opsigte van die tydperk wat gewoonlik deur hom op 'n weekdag gewerk word, betaalbaar is; òf

(*b*) die werknemer teen minstens een-en-een-derdemaal sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tydperk wat op daardie Sondag gewerk word en hom binne sewe dae na daardie Sondag een dag vakansie toestaan en hom ten opsigte daarvan teen minstens sy gewone loon betaal asof hy op sodanige vakansiedag sy gewone gemiddelde werkure vir daardie dag van die week gewerk het.

(6) As 'n werknemer op 'n ander basis betaal word as in ooreenstemming met die tyd wat werklik deur hom gewerk is moet sy gewone skaal van besoldiging vir die toepassing van hierdie artikel bereken word asof hy per uur betaal word en moet op enige datum vasgestel word deur sy totale loon gedurende die drie maande onmiddellik voor daardie datum, of na gelang van die kortste, gedurende die totale tydperk van sy diens by die betrokke werkgewer, te deel deur die getal ure wat gedurende die tydperk ten opsigte waarvan sodanige loon betaal is, gewerk is.

(7) 'n Nagwag wat vir 'n langer tydperk as 12 opeenvolgende ure op diens is, moet vir sodanige ekstra tyd teen sy uurloon plus drie-en-dertig en een-derde persent betaal word. 'n Nagwag wat gedurende die nag wat hy vryaf behoort te wes op diens is, moet teen dubbel sy uurloon betaal word.

9. Vakansiedae en jaarlikse verlof.

(1) Elke werkgewer moet aan elke werknemer by hom in diens uiterlik op die 24ste Desember van elke jaar afwesigheidsverlof van minstens twee opeenvolgende weke en twee dae toestaan en aan sodanige werknemer voor of op die laaste werkdag voor die aanvang van sodanige verlof as verloftoelae 'n bedrag betaal wat gelyk is aan een-twaalfde van die loon wat hy in twee weke en twee dae vir elke maand diens by die werkgewer sou verdien. Met dien verstande dat—

(*a*) die tydperk van sodanige verlof nie met 'n tydperk wat die werknemer onder diensopsegging is, of met 'n tydperk wanneer hy vredestydopleiding ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), ondergaan, mag saamval nie;

(*b*) as 'n publieke vakansiedag wat in subartikel (6) van hierdie artikel genoem word, binne die tydperk van sodanige verlof val, sodanige publieke vakansiedag by genoemde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en die werknemer moet ten opsigte van sodanige publieke vakansiedag en tegelyk met die betaling van die verloftoelae 'n bedrag betaal word wat gelyk is aan die loon wat hy sou verdien het as hy op sodanige publieke vakansiedag sy daelikse gemiddelde gewone werkure gewerk het.

(*b*) a number of hours (which may exceed ten) fixed by the Council by notice in writing to the employer, specifying the employee or the class of employee in respect of whom the notice is applicable, and the period for which and the conditions under which it shall be valid;

provided that no employer shall require or permit a female employee to work overtime—

(*a*) for more than two hours on any day;

(*b*) on more than three consecutive days;

(*c*) on more than sixty days in any year;

(*d*) after completion of her ordinary working hours for more than one hour on any day, unless he has—

(i) given notice thereof to such employee before midday; or

(ii) provided such employee with an adequate meal before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee a prescribed allowance in sufficient time to enable the employee to obtain a meal before the overtime is due to commence.

(2) No employee shall be required to work overtime unless notice has been given by the employer to such employee the day prior to such overtime being worked.

(3) Except in the case of a night watchman, an employee who works before the usual starting time or after the usual closing time of the establishment shall, subject to the provisions of sub-section (4) hereof, for each hour or part of an hour so worked be paid if employed—

(*a*) on any day from Monday to Friday, inclusive, his hourly wage plus thirty-three and one-third per cent.;

(*b*) on Saturday afternoon, his hourly wage, plus fifty per cent.

(4) When it is customary for any establishment to complete its normal working week of 42 hours between Monday and Friday, any employee other than a night watchman required to work on a Saturday morning shall be paid for each hour or part of an hour so worked one and one-third times his hourly wage, irrespective of the number of hours actually worked between Monday and Friday.

(5) Whenever an employee works on a Sunday his employer shall either—

(*a*) pay the employee not less than double the remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or

(*b*) pay the employee remuneration at a rate not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay him in respect thereof remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such holiday worked his average ordinary working hours for that day of the week.

(6) Whenever an employee is remunerated on a basis other than in accordance with the time actually worked by him, his ordinary rate of remuneration shall for the purpose of this section, be calculated as though he were paid by the hour and shall be ascertained at any date by dividing his total remuneration during the three months immediately preceding that date, or during the total period of his employment by the employer concerned, whichever is the shorter, by the number of hours worked during the period in respect of which such remuneration was paid.

(7) A night watchman who is on duty for time in excess of twelve consecutive hours, shall for such excess time be paid at the rate of his hourly wage plus thirty-three and one-third per cent. A night watchman who is on duty on his night off shall be paid at double the rate of his hourly wage.

9. Holidays and Annual Leave.

(1) Every employer shall grant to every employee employed by him not later than 24th December of each year leave of absence at not less than two consecutive weeks and two days and pay to such employee not later than the last working day before the commencement of such leave as a leave allowance an amount equal to one-twelfth of the wages he would earn in two weeks and two days for each month of employment with the employer: Provided that—

(*a*) the period of such leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment or is undergoing peace training under the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912); and

(*b*) if any public holiday referred to in sub-section (6) of this section falls within the period of such leave such public holiday shall be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid in respect of such public holiday at the same time as the leave allowance, an amount equal to the wage he would have earned had he on such public holiday worked his daily average ordinary working hours.

N.B.—Vir die doel van berekening van die verlofbetaling wat kragtens hierdie klousule verskuldig is, is betaling vir „twee dae" twee-vyfdes van die weekloon.

(2) By diensbeëidiging moet die werkgewer aan die werknemer die bedrag van die verloftoelae soos op datum van sodanige beëindiging verskuldig en bereken soos bepaal in subartikel (1), betaal.

(3) Diens vir 'n halwe maand, of meer, word vir die berekening van die verloftoelae wat ingevolge subartikels (1) en (2) betaalbaar is, as diens vir 'n volle maand gereken, en „'n halwe maand" beteken enige tydperk van vyftien agtereenvolgende kalenderdae (afgesien van werkdae); met dien verstande dat indien 'n werknemer te enige tyd gedurende die maand waarin die fabriek vir verlofdoeleindes sluit, diensopsegging gegee word, hy vir daardie maand die volle verlofbetaling, bereken ooreenkomstig subartikel (1), moet ontvang, en voorts met dien verstande dat indien 'n werknemer die diens opsê en die termyn van opsegging op die sluitingsdag van die fabriek gedurende gemelde maand verstryk, hy geregtig is om een-twaalfde verlofbetaling vir daardie maand te ontvang.

(4) Die bedrag van die verloftoelae wat ingevolge subartikels (1), (2) en (3) betaalbaar is, word bereken teen die loon wat die werknemer ontvang het onmiddellik voor die datum waarop sy verlof toegestaan is, of na gelang van die geval, waarop sy diens beëindig;

Ingeval 'n werknemer besoldig word op 'n ander basis as dié ooreenkomstig die tyd werklik deur hom gewerk, moet sy loonskaal vir doeleindes van die berekening van verloftoelae wat betaalbaar is kragtens subartikels (1), (2) en (3), bereken word asof hy by die uur betaal word en moet op enige datum bepaal word deur sy totale besoldiging gedurende die tydperk van drie maande onmiddellik voor daardie datum of gedurende die totale tydperk van sy diens by die betrokke werkgewer, watter een ook al die korste is, deur die getal ure te deel wat gewerk is gedurende die tydprek ten opsigte waarvan dié besoldiging betaal is; met dien verstande dat ingeval dit nodig is om die hierbo genoemde loonskaal te bereken vir die doel om die verskuldige verloftoelae te betaal ten opsigte van die jaarlikse verlof in subartikel (1) hiervan genoem, kan dit beskou word dat die tydperk van drie maande, hierbo genoem, of sy totale dienstyd, watter een ook al die korste is, op 'n datum verval hoogstens veertien dae voor die datum waarvanaf die werknemer se verlof toegestaan word.

(5) Enige tydperk wat 'n werknemer—

(*a*) ingevolge subartikel (1) met verlof is; of

(*b*) ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, vredesopleiding ondergaan; of

(*c*) in opdrag of op versoek van die werkgewer van sy werk afwesig is; of

(*d*) weens siekte, of bevalling van werk afwesig is;

word beskou as diens vir die toepassing van subartikels (1) en (2); met dien verstande dat die bepalings van paragraaf (*d*) nie van toepassing is nie ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid weens siekte van meer as drie opeenvolgende dae as die werknemer, na 'n versoek deur die werkgewer om sodanige sertifikaat versuim om aan die werkgewer 'n doktersertifikaat voor te lê dat hy deur siekte verhinder is om sy werk te doen, of ten opsigte van daardie gedeelte van enige totale tydperk van afwesigheid gedurende enige 12 maande diens wat bo 30 dae is.

(6) (*a*) Goeie-Vrydag, Paasmaandag, Uniedag, Dingaansdag, Kersdag en Nuwejaarsdag is vakansiedae met volle betaling; met dien verstande dat as 'n werknemer op enige van hierdie dae werk, sy werkgewer hom ten opsigte van die totale tydperk wat op dié dag gewerk word, benewens die besoldiging waartoe hy geregtig sou gewees het as hy nie aldus gewerk het nie, besoldiging van minstens sy gewone loon moet betaal.

(*b*) As 'n werknemer se diens eindig gedurende die week waarin Goeie-Vrydag val, dan moet aan hom deur die eerste werkgewer wie se diens hy in daardie kalenderweek verlaat, benewens alle ander besoldiging wat aan hom verskuldig is, twee dae se betaling ten opsigte van Goeie-Vrydag en Paasmaandag betaal word.

(*c*) Indien 'n vakansiedag waarna in paragraaf (*a*) van hierdie subartikel of subartikel (6) verwys word, op 'n Saterdag val, moet die betaling van so'n vakansiedag bereken word teen een-vyfde van die gewone weekloon.

(*d*) As 'n werknemer se diens gedurende Desember eindig, moet aan hom benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig is, een dag se betaling betaal word ten opsigte van elkeen van die publieke vakansie dae (Dingaansdag, Kersdag en Nuwejaarsdag); ten opsigte waarvan geen betaling reeds aan hom gedoen is nie en die loon wat ten opsigte van elke sodanige vakansiedag betaalbaar is, moet bereken word teen een-vyfde van die gewone weekloon.

(*e*) 'n Werkgewer moet voor die sluiting van sy inrigting vir die jaarlikse verlof soos genoem in subartikel (1) van hierdie artikel—

(i) sy werknemers minstens 30 dae kennis gee van die voorlopige sluitingsdatum, en

(ii) sy werknemers minstens 14 dae kennis gee van die werklike datum waarop die inrigting sal sluit en die tydperk waarin nie van die werknemers vereis sal word om te werk nie.

'n Werkgewer wat voornemens is om sy inrigting vir 'n ander vakansie as die verlof soos genoem in subartikel (1) van hierdie artikel, te sluit, moet sy werknemers minstens drie werkdae kennis gee van sodanige sluiting en moet in sodanige kennisgewing die tydperk vermeld waarin nie van die werknemers vereis sal word om te werk nie.

NOTE.—For the purpose of calculating the leave pay due in terms of this clause the pay for "two days" shall be two-fifths of the weekly wage.

(2) Upon termination of employment, the employer shall pay to the employee the amount of the leave allowance due as at the date of such termination, calculated as provided in sub-section (1).

(3) Employment for half a month or over shall be reckoned as employment for a full month for the purpose of calculating the leave allowance payable in terms of sub-sections (1) and (2) and "half a month" shall mean any period of fifteen consecutive calendar days, irrespective of working days.

Provided that if an employee is given notice at any time during the month in which the factory closes for leave purposes he shall receive the full holiday pay calculated in terms of sub-section (1) for that month; and provided further that if an employee gives notice and such notice terminates on the closing day of the factory during the said month he shall be entitled to receive the 1/12th holiday pay for the month.

(4) The amount of the leave allowance payable in terms of sub-sections (1), (2) and (3) shall be calculated at the rate of remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date from which his leave is granted or on which his employment is terminated, as the case may be.

Whenever an employee is remunerated on a basis other than in accordance with the time actually worked by him his rate of remuneration shall for the purpose of calculating the leave allowance payable in terms of sub-sections (1), (2) and (3) be calculated as though he were paid by the hour and shall be ascertained at any date by dividing his total remuneration during the period of three months immediately preceding that date or during the total period of his employment by the employer concerned, whichever is the shorter, by the number of hours worked during the period in respect of which such remuneration was paid; provided that if the rate of remuneration aforesaid is required to be calculated for the purpose of paying the leave allowance due in respect of the annual leave period referred to in sub-section (1) hereof, the period of three months aforesaid or the total period of his employment, whichever is the shorter, may be deemed to expire on a date not more than fourteen days prior to the date from which the employee's leave is granted.

(5) Any period during which an employee—

(*a*) is on leave in terms of sub-section (1); or

(*b*) undergoes peace training under the South Africa Defence Act, 1912; or

(*c*) is absent from work on the instructions or at the request of his employer; or

(*d*) is absent from work owing to illness or confinement;

shall be deemed to be employment for the purposes of sub-sections (1) and (2); provided that the provisions of paragraph (*d*) shall not apply in respect of any period of absence owing to illness of more than three consecutive days if the employee fails after a request for such a certificate by the employer to submit to the employer a certificate from a medical practitioner that he was prevented by illness from doing his work, or in respect of that portion of any total period of absence during any twelve months of employment which is in excess of thirty days.

(6) (*a*) Good Friday, Easter Monday, Union Day, Dingaan's Day, Christmas Day and New Year's Day shall be holidays on full pay; provided that whenever an employee works on any of these days his employer shall pay him remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such day in addition to the remuneration to which he would have been entitled had he not so worked.

(*b*) If an employee's service terminates during the calendar week in which Good Friday falls he shall, in additioin to any other remuneration due to him, be paid by the first employer whose services he left during that calendar week, two days' pay in respect of Good Friday and Easter Monday.

(*c*) If any of the public holidays referred to in paragraph (*a*) of this sub-section falls on a Saturday the pay for such holiday shall be calculated at the rate of 1/5th of the normal weekly wage.

(*d*) If an employee's service terminates during the month of December, he shall be paid in addition to any other remuneration due to him, one day's pay in respect of each of the public holidays (Dingaan's Day, Christmas Day and New Year's Day) in respect of which no payment has already been made to him and the wages payable for each such holiday shall be calculated at the rate of one-fifth of the normal weekly wage.

(*e*) An employer prior to closing his establishment for the annual holiday period referred to in sub-section (1) of this section shall—

(i) give his employees at least 30 days' notice of the provisional date of closing; and

(ii) give his employees at least 14 days' notice of the actual date upon which the establishment will close and the period during which the employees will not be required to work.

An employer who proposes to close his establishment for any holiday other than the holiday period referred to in sub-section (1) of this section shall give his employees at least three working days' notice of such closing, and shall state in such notice the period during which the employees will not be required to work.

Die bogenoemde kennisgewing moet deur die werkgewer vertoon word op 'n plek wat vir sy werknemers maklik toeganklik is.

10. WERKPLEK.

(1) Geen werkgewer kan van 'n werknemer vereis, of hom toestaan, om op 'n ander plek as in sy vaste inrigting in die nywerheid werk te verrig nie.

(2) Terwyl hy in diens is, mag 'n werknemer nie gedurende dieselfde werkweek vir meer as een werkgewer werk nie.

11. RAADSFONDS.

Om in die uitgawes van die Raad te voorsien, moet elke werkgewer op elke betaaldag onderstaande aftrek:—

(*a*) 1d. van die verdienste van elk van sy werknemers, behalwe vakleerlinge, vir wie die minimum lone tot en met £2 per week voorgeskryf word..

(*b*) 2d. van die verdienste van elk van sy werknemers, behalwe vakleerlinge, vir wie minimum lone van meer as £3 per week voorgeskryf word.

(*c*) 3d. van die verdienste van elk van sy werknemers, behalwe vakleerlinge, vir wie minimum lone van £4 per week of meer voorgeskryf word.

By die totaal van die bedrae wat aldus afgetrek word, moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag uiterlik die 7de dag van die volgende maand aan die Sekretaris van die Raad, Pobsus 3051, Port Elizabeth, of aan sodanige amptenaar wat deur die Raad, of die Uitvoerende Komitee aangestel mag word, stuur.

12. DIENSBEËINDIGING.

(1) Behalwe soos bepaal in subartikels (2) en (7), moet elke werknemer een week diensopsegging gee, en elke werkgewer moet 'n werknemer 'n selfde diensopsegging gee; die diensopsegging van een week tree in werking vanaf die einde van die werkweek van die betrokke inrigting. 'n Week se diensopsegging beteken 'n volle week se werk, of 'n volle week se betaling in plaas van diensopsegging. As 'n werknemer se dienste nie meer na die verlof waarna in artikel 9 van hierdie deel verwys word, vereis word nie, moet hom voor die aanvang van die verlof diensopsegging gegee word, anders is hy geregtig om een week se betaling in plaas van diensopsegging te ontvang.

(2) 'n Werknemer wat in 'n week meer as twee agtereenvolgende dae korttyd gewerk het, kan sy diens met een dag opsê.

(3) Die bepalings van hierdie artikel maak geen inbreuk op 'n ooreenkoms waarby vir 'n langer diensopseggingstermyn as een week voorsiening gemaak word nie; met dien verstande dat die tydperk van diensopsegging vir albei kante van gelyke duur is; as 'n ooreenkoms ingevolge hierdie subartikel aangegaan word, moet betaling in plaas van diensopsegging in verhouding wees tot die diensopseggingstermyn waartoe ooreengekom is.

(4) Wanneer die werk van 'n werknemer vier, of meer, agtereenvolgende weke opgeskort word, of wanneer gedurende 'n tydperk van vier weke minder as 42 uur se werk gegee word, word sy diens as beëindiging beskou en moet aan die werknemer bo en behalwe enige betaling ingevolge hierdie Ooreenkoms vir werk wat verrig is, een volle week se loon betaal word.

Die verlof waarna in artikel 9 van hierdie deel verwys word, word nie as opskorting van werk ingevolge hierdie subartikel beskou nie.

(5) Aan 'n werknemer wat sonder diensopsegging, behalwe om 'n rede deur die Wet as voldoende beskou, ontslaan word, moet 'n volle week se betaling teen die loon wat hy op die tydstip van sodanige ontslag ontvang het, in plaas van sodanige diensopsegging betaal word.

(6) Indien 'n publieke vakansiedag sonder betaling op 'n werkdag in die week van diensopsegging van 'n werknemer val en die afdeling van die inrigting waar hy werksaam is, op dié dag gesluit is, dan moet die betrokke werknemer ten opsigte van daardie dag betaal word.

(7) As 'n werknemer weens siekte of swangerskap vir 'n tydperk van meer as 30 agtereenvolgende dae van die werk afwesig is, dan is die werkgewer geregtig om sodanige werknemer se diens onmiddellik sonder betaling te beëindig deur aan die werknemer en die Sekretaris van die Raad dienooreenkomstig skriftelik kennis te gee.

13. VERSEKERING VAN LONE IN DIE GEVAL VAN BRAND.

Elke werkgewer moet by 'n geregistreerde versekeringsmaatskappy 'n versekeringspolis uitneem wat voorsiening maak vir die betaling van die bedrag van een week se loon aan alle werknemers van die werkgewer wat weens brand buite werk kom; met dien verstande dat as die werkstilstand vir 'n tydperk van minder as een week is, 'n *pro rata* betaling gedoen kan word. Ingeval dit nie vir die werkgewer moontlik is om so'n versekeringspolis uit te neem nie, moet hy binne twee maande na die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, of na gelang van die jongste datum, binne twee maande nadat hy begin om die nywerheid uit te oefen, by die Raad 'n bedrag deponeer wat gelyk is aan een week se lone van alle werknemers in die inrigting wat die Raad op 'n spesiale bewaarrekening moet hou totdat dit vir so'n betaling aan werknemers vereis word; met dien verstande dat indien dit nie aldus aan werknemers betaal word nie, dit die eiendom van die werkgewer bly.

Rente op enige sodanige gelegde geld kom ten bate van die algemene fondse van die Raad.

The notice referred to above shall be in writing and shall be posted by the employer in a place readily accessible to his employees.

10. PLACE OF EMPLOYMENT.

(1) No employer shall require or allow any employee to perform work in the Industry in any place other than his regular establishment.

(2) An employee while in employment shall not work for more than one employer during the same working week.

11. COUNCIL FUNDS.

For the purpose of meeting the expenses of the Council each employer shall deduct on each pay day—

(*a*) 1d. from the earnings of each of his employees, other than apprentices, for whom minimum rates of less than £2 per week are prescribed;

(*b*) 2d. from the earnings of each of his employees, other than apprentices, for whom minimum rates of £2 or over but less than £4 per week are prescribed;

(*c*) 3d. from the earnings of each of his employees, other than apprentices, for whom minimum rates of £4 per week or over are prescribed.

To the aggregate of the amounts so deducted the employer shall add an equal amount and forward not later than the seventh day of the following month the total sum to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth, or such other official as may be specified by the Council or Executive Committee.

12. TERMINATION OF EMPLOYMENT.

(1) Except as provided in sub-sections (2) and (7) every employee shall be required to give one week's notice to terminate his employment, and every employer shall be required to give like notice to terminate the service of an employee; such week's notice shall take effect from the end of the working week of the establishment concerned. A week's notice shall mean a full week's work or a full week's pay in lieu of notice. An employee whose services are not required after the leave referred to in section 9 of this part shall be given notice thereof one week before the leave begins, failing which he shall be entitled to receive a week's pay in lieu of notice.

(2) An employee who has in any week been working short time for more than two consecutive days may terminate his employment by giving one day's notice.

(3) The provisions of this section shall not affect any agreement which provides for a longer period of notice than one week; provided that the period of notice agreed upon is of equal duration on both sides. Whenever an agreement is entered into in terms of this sub-section payment in lieu of notice shall be proportionate to the period of notice agreed upon.

(4) When the work of any employee is suspended for four or more consecutive weeks, or when less than 42 hours' work is given during a period of four weeks his employment shall be regarded as terminated and the employee shall be paid one full week's wages in addition to any payment in terms of this Agreement for work performed.

The leave referred to in section 9 of this part shall not be regarded as a period of suspension of work in terms of this sub-section.

(5) An employee who is dismissed without notice except for cause recognised by law as sufficient, shall be paid a full week's pay in lieu of such notice at the rate of wages he was receiving at the time of such dismissal.

(6) When an unpaid public holiday falls on a working day within the notice week of an employee and the department of the establishment in which he is employed is closed on such day then the employee concerned shall be paid in respect of such day.

(7) Where an employee is absent from work through illness or pregnancy for a period exceeding 30 consecutive days the employer shall be entitled to terminate the employment of such employee forthwith without pay by notifying the employee and the Secretary of the Council in writing to that effect.

13. INSURANCE OF WAGES IN CASE OF FIRE.

Every employer shall maintain a policy of insurance with a registered insurance company which shall provide for the payment to be made to all employees of the employer who are deprived of work through fire, the amount of one week's wages; provided that, should the stoppage of work be for a period of less than one week, a pro rata payment may be made. Should it not be possible for the employer to obtain such a policy of insurance, he shall, if he has not already done so, within two months of the date of coming into force of this Agreement or within two months of becoming engaged in the Industry, whichever is the later, deposit with the Council an amount equal to one week's wages of all employees in the establishment which the Council shall retain in a special trust investment account until required for a like payment to employees, provided that if not so paid to employees it shall be the property of the employer.

Interest on any such moneys invested shall accrue to the general funds of the Council.

14. DIENSSERTIFIKATE.

(1) Elke werkgewer moet aan elke werknemer wat sy diens verlaat 'n dienssertifikaat in die vorm van Aanhangsel A van hierdie deel uitreik by diensverlating. Sodanige sertifikate moet in volgorde genommer word en van elk moet 'n afskrif deur die werkgewer gehou word, en 'n afskrif moet aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 3051, Port Elizabeth, gestuur word.

Ingeval 'n werknemer sonder diensopsegging sy diens verlaat, moet beide die werknemer se afskrif en die Raad se afskrif aan die Sekretaris gestuur word.

(2) Voordat 'n werknemer in diens geneem word, moet elke werkgewer van die applikant eis om, as hy voorheen in die nywerheid werksaam was, 'n dienssertifikaat ingevolge subartikel (1) hiervan te vertoon of 'n sertifikaat onderteken deur die Sekretaris van 'n Distrikskomitee, of die Sekretaris van die Raad, waarin die vorige ervaring van die applikant, as hy enige ervaring het, vermeld word. As die applikant 'n leerling is, moet die werkgewer eis dat hy 'n geboortesertifikaat of ander bewys van ouderdom lewer.

'n Werkgewer kan 'n verklaring wat deur die ouer of voog van die werknemer onderteken is, as „bewys van ouderdom" aanvaar vir die tydperk van drie maande vanaf die datum van indiensneming, maar die werknemer moet binne daardie tydperk 'n geboortesertifikaat voorlê. Indien die werknemer na sodanige tydperk van drie maande nie so'n sertifikaat kan toon nie, moet die werkgewer by die Distrikskomitee, of waar daar nie 'n Distrikskomitee bestaan nie, by die Uitvoerende Komitee aansoek om vrystelling van bepalings van hierdie subartikel doen.

'n Verklaring wat deur die werknemer onderteken is, kan nie as „bewys van ouderdom" aanvaar word nie.

In die geval van naturelle, kan 'n sertifikaat wat deur die Naturellekommissaris onderteken is, in plaas van 'n sertifikaat van die ouer of voog, aangeneem word.

As die Sekretaris van die Distrikskomitee, of van die Raad, deur 'n applikant genader word, moet hy die besonderhede van die applikant se ouderdom en ervaring uitvind en verifieer en daarna 'n sertifikaat uitreik.

15. VERTEENWOORDIGERS VAN VAKVERENIGINGS OP DIE RAAD.

Werkgewers moet aan elkeen van hul werknemers, wat 'n verteenwoordiger op die Raad, Uitvoerende Komitee, of 'n Distrikskomitee is, alle fasiliteite verleen om sy pligte in verband met die werk van sodanige liggame te vervul.

16. UITVOERING VAN OOREENKOMS.

Die Raad is die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en hy kan vir die leiding van werkgewers en werknemers menings uitvaardig wat nie met die bepalings daarvan in stryd is nie.

17. VRYSTELLINGS.

(1) Die Raad, of Uitvoerende Komitee, kan op aanbeveling van 'n Distrikskomitee, of uit eie beweging, om enige goeie en voldoende rede aan, of ten opsigte van, enige persoon vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad, of Uitvoerende Komitee, moet ten opsigte van elke persoon aan wie vrystelling verleen word, die voorwaardes waarop en die termyn waarvoor sodanige vrystelling verleen word, vasstel; met dien verstande dat die Raad, of Uitvoerende Komitee, na goeddunke en nadat aan die betrokke persone een week skriftelik kennis gegee is, 'n vrystellingsertifikaat kan intrek.

(3) Die Sekretaris van die Raad, of Uitvoerende Komitee, moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen word 'n sertifikaat uitreik wat deur hom onderteken is en waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;
(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;
(*c*) die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word; en
(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling van krag is.

(4) Die Sekretaris van die Raad of Uitvoerende Komitee moet—

(*a*) alle sertifikate wat uitgereik word in volgorde nommer;
(*b*) 'n afskrif hou van elke sertifikaat wat uitgereik word; en
(*c*) indien aan 'n werknemer vrystelling verleen word, 'n afskrif van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

(5) Kragtens hierdie artikel kan geen vrystellings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel 7 van hierdie Ooreenkoms gegee word nie aan of ten opsigte van 'n vroulike werknemer wat hande-arbeid verrig, behalwe vir die doel van verrigting van werk—

(*a*) wat weens 'n noodgeval noodsaaklik is; of
(*b*) wat noodsaaklik is vir voorkoming van verlies van grondstowwe wat reeds behandel word en aan skielike bederf onderhewig is.

18. PERSONE ONDER 15 JAAR.

Niemand onder 15 jaar mag in die nywerheid in diens wees nie.

19. AGENTE.

Die Raad moet een, of meer, persone aanstel om as agente by die toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. Elke werkgewer is verplig om sodanige persone toe te staan om sy inrigting te betree en om sodanige navrae te doen en om sodanige dokumente, boeke, loonstate, betaalkoeverte en betaalkaarte te ondersoek en om sodanige persone te ondervra, as wat nodig mag wees ten einde vas te stel of aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms voldoen word.

14. SERVICE CERTIFICATES.

(1) Every employer shall issue to every employee leaving his service a service certificate in the form of Annexure A to this part at the time of leaving. Such certificates shal be numbered consecutively and a copy of each shall be retained by the employer, and a copy forwarded to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth.

In the event of an employee leaving without notice both the employee's copy and the Council's copy shall be forwarded to the Secretary.

(2) Before engaging an employee every employer shall require the applicant, if he has been previously employed in the Industry, to produce a service certificate in terms of sub-section (1) hereof or a certificate signed by the Secretary of a District Committee or the Secretary of the Council specifying the previous experience of the applicant, if any. If the applicant is a learner the employer shall require him to produce a birth certificate or other evidence in proof of age.

An employer may accept a signed statement from the employee's parent or guardian as "proof of age", for a period of three months from the day of commencement of employment, during which time the employee must produce a birth certificate. If after such period of three months, the employee is unable to produce such certificate, the employer must apply to the District Committee or where no District Committee exists to the Executive Committee, for exemption from this sub-section.

A signed statement by the employee shall not be accepted as "proof of age".

In the case of natives, a certificate signed by the Native Commissioner may be accepted in place of a certificate by the parent or guardian.

Upon being approached by an applicant the Secretary of the District Committee or of the Council shall ascertain and verify the particulars of the applicant's age and experience and thereafter issue a certificate.

15. TRADE UNION REPRESENTATIVES ON THE COUNCIL.

Employers shall give to any of their employees who are representatives on the Council, Executive or any District Committee every facility to attend to their duties in connection with the work of such bodies.

16. ADMINISTRATION OF AGREEMENT.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement, and may issue expressions of opinion not inconsistent with its provisions for the guidance of employers and employees.

17. EXEMPTIONS.

(1) The Council or Executive may on the recommendation of a District Committee, or on its own decision, grant exemption from any of the provisions of this Agreement to or in respect of any person for any good and sufficient reason.

(2) The Council or Executive shall fix in respect of any person granted exemption the conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate, provided that the Council or Executive may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any licence of exemption.

(2) The Secretary of the Council or Executive shall issue to every person granted exemption a licence signed by him setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;
(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
(*c*) the conditions subject to which such exemption is granted; and
(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council or Executive shall—

(*a*) number consecutively all licences issued;
(*b*) retain a copy of each licence issued; and
(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence to the employer concerned.

(5) No exemption from the provisions of paragraph (*d*) of subsection (1) of section 7 of this Agreement shall be granted under this section to or in respect of any female employee engaged in manual work, except for the purpose of performing work—

(*a*) which is necessitated by an emergency; or
(*b*) which is necessary to prevent the loss of raw materials in the course of treatment which are subject to rapid deterioration.

18. PERSONS UNDER 15 YEARS OF AGE.

No person under 15 years of age shall be employed in the Industry.

19. AGENTS.

The Council shall appoint one or more persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer to permit such persons to enter his establishment and to institute such inquiries and to examine such documents, books, wage sheets, pay envelopes and pay tickets and to interrogate such individuals as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed.

20. INDIENSNEMING VAN LEDE VAN VAKVERENIGING.

(1) Aan lede van die vakverenigings moet voorrang geskenk word by indiensneming en aan amptenare van die vakverenigings moet deur werkgewers alle redelike fasiliteite verstrek word om werknemers (behalwe vakleerlinge) te organiseer.

(2) Die lede van die vakverenigings in elke inrigting het die reg om een, of meer, werkwinkelverteenwoordigers en/of werkwinkelkomitee uit hul midde aan te stel ooreenkomstig enige bepalings vir die aanstellings van werkwinkelverteenwoordigers en werkwinkelkomitees soos vervat in die konstitusie van die betrokke vakvereniging en die betrokke werkgewer moet volle erkenning aan sodanige werkwinkelverteenwoordigers of werkwinkelkomitee verleen en alle redelike fasiliteite verskaf vir sy vergaderings en raadplegings oor sake betreffende meningsverskille en diensvoorwaardes van die werknemers oor die algemeen.

(3) As 'n werknemer dit skriftelik versoek, moet 'n werkgewer van die loon van sodanige werknemer die werknemer se ledegeld vir die vakvereniging aftrek en dit oorhandig aan die persoon wat deur die vakvereniging aangestel is om dit te ontvang.

21. SERTIFISERING VAN LEERLINGE VIR SEKERE WERKSAAMHEDE.

(1) Versoek om 'n sertifikaat om 'n leerling werk te laat verrig wat genoem word in artikel 4 van Deel II van die Ooreenkoms, moet deur die werkgewer aan die Raad gerig word op sodanige vorm as wat deur die Raad voorgeskryf word.

(2) Elke sertifikaat wat in subartikel (1) genoem word, moet deur die Sekretaris van die Raad geteken word en moet die leerling se naam en ouderdom, die werk wat hy moet verrig, die minimum loon wat aan hom betaal moet word, die werkgewer se naam en die termyn waarvoor die lisensie van krag bly, vermeld.

(3) Die Raad, of die Uitvoerende Komitee, kan na goeddunke en na een week skriftelike kennisgewing aan die werkgewer en aan die werknemer gegee is, 'n sertfikaat wat kragtens hierdie bepalings uitgereik is, intrek, ditsy die termyn van geldigheid verstryk het of nie.

(4) Van elke sertifikaat wat kragtens hierdie bepalings uitgereik word, moet 'n duplikaat aan die werknemer uitgereik word.

(5) Vir die doel van vasstelling van die minimum loon wat aan die leerling wat kragtens hierdie bepalings in diens is, betaal moet word, moet die duur van al sy diens in die nywerheid in aanmerking geneem word.

(6) Geen leerling wat kragtens hierdie artikel in diens is, mag sonder goedkeuring van die Raad ontslaan word, of sy werkgewer se diens verlaat, nie.

(7) By voltooiing van sy leerlingstermyn, moet die Raad aan die betrokke leerling 'n sertifikaat te dien effekte uitreik.

22. VERBODE DIENS.

Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, word geen bepaling waarby die in diens neem van 'n werknemer vir enige klas werk of op enige voorwaardes verbied is, beskou dat dit die werkgewer onthef van betaling van die besoldiging wat hy sou moet betaal en die nakoming van die voorwaardes wat hy sou moet nakom, as daardie in diens neem of in diens hê nie verbied was nie, en die werkgewer moet voortgaan met betaling van daardie besoldiging asof sodanige in diens neem of in diens hê nie verbied is nie.

AANHANGSEL A VAN DEEL I.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE LEERNYWERHEID VAN SUID-AFRIKA.

DIENSSERTIFIKAAT.

No. van sertifikaat.....

Afdeling van nywerheid.....

Naam en adres van werkgewer.....

.....

Hierby sertifiseer ek dat ondervermelde persoon by my in diens was en dat die besonderhede wat hier volg, juis is:—

1. Familienaam (of Naturellenaam).....
   Fondsnommer.....
2. Voorname.....
   Belastingnommer (N.).....
3. Adres.....
4. Geboortedatum..... Geslag..... Ras.....
5. Werksaamhede.....
6. Loon betaal op datum van diensverlating.....
   Loongroep (*a*) S.F..... (*b*) P.F.....
7. Datum waarop in diens getree.....
8. Datum waarop diens verlaat.....
9. Is diens uit eie beweging verlaat? (Ja/nee).....
10. Datum van jongste verhoging ingevolge ooreenkoms.....
11. Die nommer van die diensertifikaat deur die vorige werkgewer..... (vermeld naam) uitgereik, was.....
12. Siektefonds:—
    (*a*) Getal bydraes tot op datum.....
    (*b*) Bystand tot op datum opgeloop.....

Uitgereik te.....hede, die.....dag van .....19.....

.....

Handtekening van Werkgewer/Sekretaris.

L.W.—Sien artikel 14 (1).

20. EMPLOYMENT OF MEMBERS OF TRADE UNION.

(1) Preferential treatment in the matter of employment shall be given to members of the trade unions, and officials of the trade unions shall be given every reasonable facility by employers to organize employees (other than apprentices).

(2) The members of the trade unions in each establishment shall have the right to appoint one or more shop stewards and/or a shop committee from amongst themselves, in accordance with any provisions for the appointment of shop stewards and shop committees in the constitution of the trade union concerned and the employer concerned shall accord full recognition to such shop stewards and shop committee and provide reasonable facilities for meetings thereof, and consultations therewith on matters relating to disagreement and to the working conditions of the employees generally.

(3) Upon being requested in writing by an employee to do so, an employer shall deduct from the wages of that employee the amount of the employee's trade union subscription and hand it to the official appointed by the trade union to receive it.

21. LICENSING OF LEARNERS ON CERTAIN OPERATIONS.

(1) Application for a licence to employ a learner upon an operation referred to in section 4 of Part II of this Agreement shall be made by the employer to the Council on such form as may be prescribed by the Council.

(2) Each licence referred to in sub-section (1) shall be signed by the Secretary of the Council and shall show the learner's name and age, the operation on which he is employed, the minimum wage payable to him, the name of the employer and the period during which the licence shall be valid.

(3) The Council or the Executive if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the employer and to the employee, may withdraw any licence issued in terms of this section whether or not the period of validity has expired.

(4) A duplicate of every licence issued in terms of this section shall be given to the employee.

(5) For the purpose of determining the minimum wage payable to a learner employed in terms of this section, the length of all his service in the Industry shall be taken into consideration.

(6) No learner employed in terms of this section may be discharged or may leave his employer without the approval of the Council.

(7) On the completion of his period of learnership the Council shall issue a certificate to this effect to the learner concerned.

22. PROHIBITIVE EMPLOYMENT.

Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, no provision which prohibits the engagement or employment of an employee on any class of work or on any conditions, shall be deemed to relieve the employer from paying the remuneration and observing the conditions which he would have had to pay or observe had such engagement or employment not been prohibited and the employer shall continue to pay such remuneration as if such engagement or employment had not been prohibited.

ANNEXURE A TO PART I.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

SERVICE CERTIFICATE.

No. of Certificate.....

Section of the Industry.....

Name and address of employer.....

.....

I hereby certify that the undermentioned person was employed by me and that the particulars detailed hereunder are correct:—

1. Surname (or native name).....
   Fund No.....
2. Christian names.....
   Tax No. (N.).....
3. Address.....
4. Date of birth..... Sex..... Race.....
5. Operations.....
6. Wage paid at date of leaving.....
   Wage Group (*a*) S.F..... (*b*) P.F.....
7. Date of entering service.....
8. Date of leaving service.....
9. Whether left of own accord (Yes/No).....
10. Date of last increase in terms of Agreement.....
11. The number of the certificate of service issued by previous employer was.....(insert name).
12. Sick Fund—
    (*a*) Number of contributions to date.....
    (*b*) Benefit accrued to date.....hours.

Issued at.....this.....day of..... ....19.....

.....

Signature of Employer/Secretary.

N.B.—Refer to section 14 (1).

AANHANGSEL B VAN DEEL I.

	Per week. £	s.	d.
A. Nagwagte	2	15	0
B. Magasynmeesters, en/of pakhuisbediendes, versendingsklerke	3	15	0
C. Keteloppassers	2	7	6

„Keteloppasser" beteken 'n werknemer wat die stoomdruk en waterstand in enige stoomketel op peil hou; so'n werknemer kan ook vure maak en/of aan die brand hou.

„Versendingsklerk" beteken 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die ontvang van goedere in, of van, 'n magasyn, of pakhuis, of van afdelings, vir versending of aflewering en wat verantwoordelik is vir die verpakking en/of bymekaarmaak van sodanige goedere, die natel van pakkette en die weeg, merk of adresseer daarvan.

„Magasynmeester en/of pakhuisbediende" beteken 'n werknemer in algemene beheer oor voorrade en wat verantwoordelik is vir die ontvang van goedere in die magasyn en die berging en hantering daarvan, die aflewering uit die magasyn aan afdelings, of vir deursending en/of verpakking in die magasyn of pakhuis en die uitpak daarvan.

D. Motorvoertuigbestuurders wat 'n voertuig bestuur wat gelisensieer is vir dra of trek van 'n vrag—

(i) onder 3 ton	3	10	0
(ii) 3 ton	3	15	0
(iii) oor 3 ton maar nie oor 5 ton nie	4	0	0
(iv) oor 5 ton maar nie oor 7 ton nie	4	15	0

Ondanks enige strydige bepalings in hierdie Ooreenkoms, is onderstaande bepalings van toepassing op motorvoertuigbestuurders:—

„Werkure" sluit in alle tydperke wat bestuur word en alle tyd wat aan ander werk in verband met die voertuig, of die vrag bestee word en alle tydperke wat 'n werknemer verplig is om op sy pos te bly in gereedheid om te werk as dit nodig is, maar sluit nie etenstye in nie.

„Motorvoertuig" beteken 'n voertuig wat anders as deur die krag van mens of dier voortbeweeg word.

„Vrag" beteken die „netto vragvermoë" of die „netto vrag" wat 'n voertuig kan dra of trek kragtens 'n motortransportsertifikaat, of vrystellingsertifikaat, wat ten opsigte van sodanige voertuig deur die Plaaslike Padvervoerrade kragtens die Motor-transportwet, 1930, uitgereik is.

E. Minderjariges wat werksaamhede verrig waarvoor nie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is nie:—

Die eerste ses maande	1	2	6
Die tweede ses maande	1	5	0
Die derde ses maande	1	7	6
Die vierde ses maande	1	10	0
Die vyfde ses maande	1	15	0
Die sesde ses maande	2	0	0
Daarna	2	5	0

F. Werksaamhede in verband met kartondoos-vervaardiging:—

(i) Bedien van guillotine en/of rotasiesnymasjien en/of kerfmasjien—			
(*a*) kraggedrewe masjien	5	10	0
(*b*) handmasjien	4	8	0
(*c*) kartondoosvervaardigers	2	10	0
(ii) Kartondoosvervaardiging, volgens ervaring—			
Die eerste ses maande	1	2	6
Die tweede ses maande	1	5	0
Die derde ses maande	1	7	6
Die vierde ses maande	1	10	0
Die vyfde ses maande	1	15	0
Die sesde ses maande	2	0	0
Daarna	2	10	0

G. Werknemers wat met die hand letters set en etikette druk met 'n drukmasjien	4	19	0
H. Werknemers wat randsole vervaardig:—			
(*a*) Splits, afskaaf, sny, groewe maak en skuins afwerk	3	5	0
(*b*) Alle ander werksaamhede	2	0	0
I. Verpakkers	2	2	6

„Verpakker" beteken 'n werknemer wat skoendose in kiste, pakkette, bale, of kratte verpak.

DEEL II.

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE SKOEISELAFDELING VAN DIE LEERNYWERHEID.

1. LONE.

Die loon wat vir enige werksaamheid in Aanhangsel A van hierdie deel voorgeskryf word, is van toepassing op daardie werksaamheid, afgesien van die afdeling waarin dit verrig word.

ANNEXURE B TO PART I.

	Per Week. £	s.	d.
A. Night watchmen	2	15	0
B. Storemen and/or warehousemen, despatch clerks	3	15	0
C. Boiler attendants	2	7	6

"Boiler attendant" means an employee who is actively employed on maintaining steam pressure and water content in any boiler; such employee may also be employed on the making and/or maintaining of fires.

"Despatch clerk" means an employee who is responsible for receiving goods into or from a store or warehouse, or from departments, for despatch or delivery and who is responsible for the packing and/or assembling of such goods, the checking of packages and the weighing marking or addressing thereof.

"Storeman and/or warehouseman" means an employee who is in general charge of stores and who is responsible for receiving goods into store and the storing and handling of same, the delivery of same out of store to departments or for transit and/or for packing within the store or warehouse and the unpacking thereof.

D. Motor vehicle drivers driving a vehicle authorised to carry or haul a pay-load of—

(i) under 3 tons	3	10	0
(ii) 3 tons	3	15	0
(iii) over 3 tons but not exceeding 5 tons	4	0	0
(iv) over 5 tons but not exceeding 7 tons	4	15	0

Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement the following provisions shall apply to motor vehicle drivers:—

"Hours of work" include all periods of driving and any time spent on other work connected with the vehicle or the load and all periods during which an employee is obliged to remain at his post in readiness to work when required, but do not include meal hours.

"Motor vehicle" means a conveyance propelled by other than human or animal power.

"Pay-load" means the "net carrying capacity" or the "net load" which a vehicle may carry or haul in terms of any motor carrier certificate or certificate of exemption issued in respect of such vehicle by the Local Road Transportation Boards in terms of the Motor Carrier Transportation Act, 1930.

E. Minors employed on occupations for which rates have not been prescribed in this Agreement—

First six months	1	2	6
Second six months	1	5	0
Third six months	1	7	6
Fourth six months	1	10	0
Fifth six months	1	15	0
Sixth six months	2	0	0
Thereafter	2	5	0

F. Cardboard box making operations—

(i) Guillotine and/or rotary cutting machine and/or scoring machine operating by—			
(*a*) power	5	10	0
(*b*) hand	4	8	0
(*c*) cardboard boxmakers	2	10	0
(ii) Making cardboard boxes, according to experience—			
First six months	1	2	6
Second six months	1	5	0
Third six months	1	7	6
Fourth six months	1	10	0
Fifth six months	1	15	0
Sixth six months	2	0	0
Thereafter	2	10	0

G. Employees employed on hand typesetting and printing labels on a printing machine	4	19	0
H. Employees employed on weltmaking—			
(*a*) Splitting, skiving, cutting, grooving and bevelling	3	5	0
(*b*) All other operations	2	0	0
I. Packers	2	2	6

"Packer" means an employee who is employed on packing shoe boxes into boxes, packages, bales or crates.

PART II.

SPECIAL PROVISIONS APPLICABLE TO THE FOOTWEAR SECTION OF THE LEATHER INDUSTRY.

1. WAGES.

The wage prescribed for any operation in Annexure A to this part shall apply to that operation irrespective of the department in which it is performed.

2. LOONAANVULLINGSTELSEL.

(1) Geen stukwerk, loonaanvullingstelsel of loonaansporingskema mag in 'n inrigting toegepas word nie, behalwe by wyse van vrystelling wat, nieteenstaande die bepalings van artikel 17 van Deel I van hierdie Ooreenkoms, deur die Distrikskomitee, na raadpleging met gesamentlike distriksafdelingskomitees waarvoor in paragraaf (*d*) hiervan voorsiening gemaak word, en in ooreenstemming met die volgende prosedure, toegestaan kan word:—

(*a*) In elke fabriek waarin die werkgewer 'n loonaanvullingstelsel wil invoer, moet vir elke afdeling daarby betrokke, 'n fabriekskomitee ingestel word (hierna genoem die fabrieksafdelingskomitee) wat bestaan uit vier verteenwoordigers van die werknemers van die betrokke afdeling en die werkgewer, of sy verteenwoordiger, wat 'n loonaanvullingstarief vir daardie afdeling moet opstel. Die werknemerlede is geregtig op bystand van 'n amptenaar, of ander verteenwoordiger, van die vakvereniging.

(*b*) Aanvullende stukwerkskale moet op so'n basis vasgestel word dat, volgens die mening van die fabrieksafdelingskomitee, 'n werknemer wat oor gemiddelde bekwaamheid beskik, minstens 10 persent meer as die minimum loon wat vir dieselfde werksaamheid voorgeskryf word, kan verdien.

(*c*) Die Raad moet aan elke Distrikskomitee loonaanvullingstariewe uitreik ten opsigte van die volgende soorte skoene:—

(i) *Mansafdeling.*—Middelmatige kwaliteit, bruin kalfsleer met randsool, Oxford-manskoene.

(ii) *Damesafdeling.*—Middelmatige kwaliteit, swart glacé ¾ Court-dameskoene.

